KERKBODE 23 Nov. 1990

Onrus oor Rustenburg

PRETORIA. – Die Algemene Sinodale Kommissie (ASK) van die Ned Geref Kerk vergader op 4 Desember 1990 in Pretoria om die onrus rondom die onlangse Rustenburg-beraad, waar verteenwoordigers van sowat 80 kerke en 40 Christelike organisasies teenwoordig was, te bespreek en duidelike leiding aan lidmate van die NG Kerk te gee. Dié vergadering vind plaas op versoek van die moderature en dagbesture van die vier Transvaalse sinodes wat verlede Vrydag byeengekom het en 'n verklaring uitgereik het.

Prof Willie Jonker

Die ASK is die liggaam wat tussen die vierjaarlikse sittings van die Algemene Sinode van die NG Kerk spoedeisende sake hanteer.

Volgens ds Pieter Strümpfer, skriba van die Noord-Transvaalse Sinode, heers daar groot onrus in dele van die NG Kerk as gevolg van sommige van die besluite van die Algemene Sinode en ook die gebeure tydens die Rustenburg-kerkeberaad. Tydens hierdie beraad het prof Willie Jonker van die Teologiese Fakulteit op Stellenbosch, persoonlik en "plaasvervangend namens die NG Kerk en die Afrikaners" 'n skuldbelydenis oor apartheid gedoen. Die amptelike afvaardiging van die NG Kerk het hulle daarna met prof Jonker se belydenis ten opsigte van dié kerk vereenselwig omdat dit ooreenstem met wat in die NG Kerk se getuienis, Kerk en Samelewing 1990, staan.

Volgens ds Strümpfer het die moderature van die Transvaalse sinodes besluit om 'n verklaring uit te reik omdat daar nou in die kerk heelwat onduidelikheid oor die saak bestaan.

In hulle verklaring wys die moderature lidmate daarop dat by die beoordeling van die belydenis van prof Jonker, op die volgende gelet moet word: hy was nie 'n amptelike afgevaardigde van die NG Kerk nie; hy het geen amptelike opdrag tot so 'n skuldbelydenis gehad nie, en sy belydenis ten opsigte van apartheid moet beoordeel word in die lig van die

☐ Na bl 2 ☐

KERKBODE 23 NOV 1990

Rustenburg

□ Van bl 1 □

besluite van die Algemene Sinode.

Die verklaring lui voorts dat "die besluite van die Algemene Sinode in verband met apartheid duidelik, genuanseerd, gebalanseerd en teologies verantwoord is en dat lidmate hierdie besluite dringend moet bestudeer.

"Die vergadering wys daarop dat die afgevaardigdes van die NG Kerk te Rustenburg se reaksie op die belydenis van prof Jonker by die eersvolgende vergadering van die ASK beoordeel sal word. Lidmate word gevra om kalm te bly en nie oorhaastige besluite te neem nie."

Die vergadering het verder besluit om by die dagbestuur van die ASK daarop aan te dring om so spoedig moontlik 'n vergadering van die ASK te belê om die aangeleentheid rondom die kerkeberaad op Rustenburg te bespreek ten einde duidelik leiding aan die kerk te gee.

Volgens ds Japie du Plessis, voorsitter van die Sinodale Kommissie van Wes-Transvaal, het tientalle gemeentes uit hierdie sinodale gebied hom geskakel om hulle ontsteltenis te kenne te gee. Die dagbestuur van die Wes-Transvaalse Sinodale Kommissie het ná die gesamentlike vergadering van die Transvaalse Moderature verlede week 'n eie verklaring oor prof Jonker se skuldbelydenis uitgereik. In die verklaring sê die dagbestuur dat hy van oordeel is dat hierdie belydenis nie in ooreenstemming met die besluite van die afgelope Algemene Sinode is nie. Die dagbestuur "onderskryf die besluite van die Algemene Sinode oor die NG Kerk en politieke modelle", lui die verklaring.

Daar is veral ook in Noord-Transvaal, Oos-Transvaal en dele van die Vrystaat groot ontsteltenis. Die Sinodale Kommissie van Noord-Transvaal het verlede week vergader en sy lidmate tot kalmte gemaan en gevra om nie as gevolg van berigte in die media drastiese besluite te neem nie. In 'n verklaring wat uitgereik is, word lidmate en kerkrade gevra om hulle te vergewis van wat die Algemene Sinode besluit het.

Volgens dr Dirk Hattingh, moderator van die Wes-Kaapse Sinode, het hy uit die hele sinodale gebied nie een negatiewe oproep en geen briewe van persone wat ontevrede is nie ontvang. "Ek het wel gehoor dat daar hier en daar enkele mense is wat vanaf 1986 nie met die besluite van die Sinode tevrede was nie en wat nou net weer bevestig het dat hulle nie gelukkig voel nie."

Dr Hattingh het ook gesê dat hy baie positiewe reaksie vanoor 'n wye gebied kry. Heelwat mense het bevestig dat hulle gelukkig voel oor die Algemene Sinode se besluite en dat hulle, hulle heelhartig vereenselwig met wat op Rustenburg gebeur het.

'n Vorige moderator van die Algemene Sinode van die NG Kerk, ds Kobus Potgieter, het op navraag aan Die Kerkbode gesê dat hy saam met 'n groep lidmate wat onrustig is oor wat gebeur het, maar graag in die NG Kerk wil bly, 'n inligtingskonferensie vir 1 Desember 1990 reël. Ds Potgieter het klem daarop gelê dat dit geen protes- of politieke vergadering is nie. "Dit is 'n poging om lojaal saam te werk en te keer dat mense uit die NG Kerk stap. Ons wil mense help om meer duidelikheid te kry."

Dr A P Treurnicht (in sy hoedanigheid as lidmaat van die NG Kerk) en ds Potgieter sal by die geleentheid as sprekers optree, het ds Potgieter aan Die Kerkbode gesê.

* Lees ook die artikel van prof Pieter Potgieter en die tweede hoofartikel op bl 4.

Rustenburg: feite en perspektief

KERKBODE
23 Nov 1990

bl 4

NA aanleiding van berigte in die media oor die Rustenburg-kerkeberaad heers daar klaarblyklik onsteltenis by 'n aansienlike getal lidmate van die Ned Geref Kerk. Die onrus sentreer hoofsaaklik om die skuldbelydenis oor apartheid deur prof Willie Jonker en die verklaring van die Ned Geref Kerk se amptelike afvaardiging dat hulle hulle kon vereenselwig met sy stellingname ten opsigte van die posisie van die Ned Geref Kerk en apartheid.

Ter wille van opheldering is die volgende van belang:

■ Die Rustenburg-beraad was nie 'n gestruktureerde kerkvergadering soos 'n sinode of selfs 'n ekumeniese raad waar amptelike besluite geneem moes word nie. Dit was 'n konferensie van verteenwoordigers van kerke en ander Christelike organisasies; daarom het die samesprekings eerder die karakter van 'n pastorale gesprek gedra.

■ Die afvaardiging van die Ned Geref Kerk, naamlik prof P C Potgieter, dr F M Gaum, dr P Rossouw en dr D J Hattingh, het dit reeds op die eerste dag van die konferensie as hulle vaste voorneme aanvaar om onder geen omstandighede buite die amptelike beleid en besluite van die Ned Geref Kerk, soos dit veral voorkom in die dokument *Kerk en Samelewing 1990*, te beweeg nie.

■ Hierdie vertrekpunt, naamlik dat die afvaardiging homself gebonde ag aan die besluite van die Algemene Sinode, is ook by herhaling tydens die konferensie gestel – in die algemene vergadering self, sowel as in informele gesprekke met konferensiegangers. Daar kon geen twyfel bestaan dat die Ned Geref Kerk se deelname aan die konferensie, en veral aan besluitneming, steeds in die lig daarvan beoordeel moes word nie.

■ Dit was uit die staanspoor duidelik dat die hele konferensie oorheers sou word deur die apartheidsvraagstuk. Paragrawe 272 tot 286 van *Kerk en Samelewing 1990 (Die Nederduitse Gereformeerde Kerk en Politieke Modelle)* sou in hierdie verband die nodige riglyne vir die afvaardiging kon bied. Daar is ook 'n Engelse vertaling van die betrokke paragrawe aan alle belangstellendes by die konferensie op skrif beskikbaar gestel.

Die standpunt van die Ned Geref Kerk oor apartheid, soos gestel in *Kerk en Samelewing 1990*, behels in hoofsaak die volgende (direkte aanhalings is kursief):

■ *In die beoordeling van apartheid staan die kerk voor sterk en emosiebelaaide verskille. Terwyl 'n deel van die blanke bevolking dit sien as 'n regverdige weg om die identiteit en die beste belange van die verskillende bevolkingsgroepe in die land te beveilig, sien andere dit as 'n rassistiese en onderdrukkende stelsel wat die belange van die blanke minderheid ten koste van dié van die meerderheid van die bevolking beskerm en bevorder (par 276).*

■ Alhoewel daar ook eerlike en opregte bedoelings by apartheid betrokke was (277), is dit duidelik dat dit mettertyd *'n ideologiese en etnosentriese basis gekry het, en 'n sisteem geword het vir die beskerming van die eie belange van die blanke minderheid ten koste van dié van andere (280).*

■ As politieke sisteem het apartheid *op so 'n wyse begin funksioneer dat dit deur die grootste meerderheid van die landsbevolking ervaar is as 'n onderdrukkende sisteem wat deur gedwonge skeiding tussen mense in werklikheid een groep onregmagtig bo die ander bevoordeel. So het dit die menswaardigheid van die medemens aangetas en in stryd gekom met die beginsels van liefde en geregtigheid (282).*

■ Vanuit hierdie definisie het die Algemene Sinode dan besluit: *Enige sisteem wat in die praktyk so funksioneer, is in die lig van die Skrif en die Christelike gewete onaanvaarbaar en moet as sondig van die hand gewys word. Enige poging van 'n kerk om so 'n sisteem Bybels-eties te probeer verdedig, moet as 'n ernstige dwaling beskou word, dit wil sê as in stryd met die Bybel (283).*

■ Voorts is gesê dat die Ned Geref Kerk *gefouteer het deur toe te laat dat gedwonge afsonderlikheid en skeiding van volke in sy kring selfs as 'n Bybelse eis gesien is. Die Ned Geref Kerk moes hom al baie vroeër duidelik van dié sisteem gedistansieer het, en erken en bely sy versuim (281).*

Uit bostaande standpuntname van die Algemene Sinode kan sonder enige twyfel afgelei word dat die term *apartheid* op geen wyse meer in positiewe sin bruikbaar is nie. Daar moet, wat die huidige Suid-Afrikaanse samelewing betref, hoegenaamd nie meer probeer word om te onderskei tussen goeie en slegte apartheid nie. In ons huidige konteks, en in die ontwikkeling wat daartoe gelei het, moet apartheid as ideologie en as sisteem onomwonde van die hand gewys word.

Daarmee het die Algemene Sinode nie die gesonde beginsel van verskeidenheid van volkere en kulture van die hand gewys of in gedrang gebring nie:

■ *In beginsel moet die reg en vryheid van volkere om hulle eie kulturele en ander waardes te bewaar en te bevorder, erken word as behorende tot die reg van die mens, mits die regte en vryhede van andere nie daardeur aangetas en die Bybelse eise van naasteliefde en die aanvaarding van die medemens nie in gedrang gebring word nie (279).*

■ Hierdie beginsel is ook duidelik van toepassing op die kerklike terrein. Die Sinode sê: *Die algemene gebruik in die gemeentelike opset is dat gelowiges die Here aanbid en as lidmate ontvang word daar waar vir hulle eie bedieningsbehoeftes voorsiening gemaak word (252).*

Daar moet dus baie duidelik onderskei word: sô 'n siening en optrede is volkome aanvaarbaar en geregverdig. Dit is nie apartheid nie, en dit is ook nie wat die Ned Geref Kerk onder apartheid verstaan of as sonde bely het nie.

Ten opsigte van die gebeure by Rustenburg kan die volgende nou in die lig van bostaande opgemerk word:

● Prof Willie Jonker was nie 'n afgevaardigde van die Ned Geref Kerk nie, maar is deur die Reëlingskomitee van die Beraad as een van die sprekers genooi. In sy toespraak en in die belydenis van skuld aan die onreg van apartheid, het hy dus nie namens die Ned Geref Kerk gepraat nie. Hy het wel gesê dat hy na aanleiding van die besluite van die Algemene Sinode van Bloemfontein in Oktober 1990 vrymoedigheid het om onder andere namens die Ned Geref Kerk skuld aan apartheid te bely.

● Sy skuldbelydenis is in 'n gees van broederlike liefde en versoening deur verskillende afgevaardigdes van ander kerke verwelkom. Dit was, trouens, sonder twyfel aanleiding tot 'n merkwaardige gesindheidsverandering by talle afgevaardigdes; daar was ook 'n spontane skuldbelydenis van hulle aandeel in die onreg wat deur apartheid meegebring is.

● In die loop van daardie dag is die vraag herhaaldelik aan ons afvaardiging gestel of die belydenis van prof Jonker in ooreenstemming met die gesindheid en besluite van die Ned Geref Kerk is. Die afvaardiging het teen die aand vergader en eenparig tot die slotsom gekom dat, vir sover prof Jonker se belydenis die posisie van die Ned Geref Kerk raak, dit nie in stryd is met die gees en besluite van die Algemene Sinode nie. Die afvaardiging het gevolglik besluit om die volgende môre 'n verklaring in dié verband te doen.

● In die verklaring is die Beraad dus meegedeel dat die afvaardiging van die Ned Geref Kerk hulle heeltemal kan vereenselwig met die verklaring van prof Jonker vir sover dit op die Ned Geref Kerk se standpunt oor apartheid betrekking het, omdat hy daarmee weergegee het wat die Algemene Sinode twee weke van tevore te Bloemfontein besluit het.

● Die afvaardiging was eenparig oortuig daarvan dat 'n ander woord as dié wat hulle gegee het, nie reg aan die waarheid sou laat geskied het nie.

Om enige verdere misverstand te voorkom, is ook 'n verklaring teen die einde van die beraad deur die Ned Geref afvaardiging uitgereik en onder meer gesê:

"Die afvaardiging aanvaar die Rustenburgverklaring wat aan die einde van die vergadering uitgereik is, as 'n aanduiding van hoe die meeste kerke in Suid-Afrika oordeel oor die sake waarna verwys word, en onderskryf dit in die mate dat Kerk en Samelewing 1990 daarvoor ruimte laat. Daar is stellings in die stuk waarmee die afvaardiging nie saamstem nie, omdat dit baie eensydig gestel is, en die afvaardiging het dit ook tydens die konferensie gesê. Die inleidende paragraaf van die verklaring lui dan ook duidelik dat al die afgevaardigdes na die konferensie nie met al die besonderhede in die verklaring saamstem nie."

Dit kan dus onomwonde gestel word dat dit 'n onreg teenoor die Ned Geref afvaardiging sou wees om te beweer dat hulle by Rustenburg 'n koers ingeslaan het wat vreemd is aan die besluite van hulle kerk, of dat hulle met hulle optrede gekies het téén die erkenning van gesonde verskeidenheid en vir die vernietiging van die eie karakter van hulle kerk.

Die vrees dat die Ned Geref Kerk nou op 'n koers beweeg waar hy nie meer 'n geestelike tuiste vir baie van sy lidmate kan wees nie, is ongegrond.

Die kerk kan sy integriteit egter net bevestig deur eerbaar en onbevrees volgens die eise van die Heilige Skrif te lewe, selfs al lei dit soms tot die moeilike weg van skulderkenning en -belydenis.

Prof Pieter Potgieter, leier van die NG Kerk se afvaardiging na die Rustenburg-beraad voorverlede week, vertel wat daar gebeur het en dui aan dat die afvaardiging hulle presies gehou het aan die besluite van die NG Kerk.

KERKBODE

23 NOV 1990

Rustenburg

DAAR was die afgelope week in dele van die Ned Geref Kerk groot onrustigheid oor wat by die Rustenburg-kerkeberaad gebeur het. Omdat niemand wil hê dat die onrus onnodig voortduur nie, is 'n spesiale vergadering van die Algemene Sinodale Kommissie vir 4 Desember belê om die saak deeglik te bespreek.

Ons wys intussen op die volgende:

● Die vraag word gestel of die Algemene Sinode werklik gesê het dat die toepassing van die stelsel van apartheid sonde is, en of die Ned Geref Kerk-afvaardiging na Rustenburg nie dalk 'n eie, betwisbare vertolking van die besluite gegee het nie. *Kerk en Samelewing 1990,* paragraaf 285, gee die antwoord: "Enige sisteem wat in die praktyk só (soos apartheid, wat in die vorige paragrawe gedefinieer is) funksioneer, is in die lig van die Skrif en die Christelike gewete onaanvaarbaar en moet as sondig van die hand gewys word." Let wel: die Algemene Sinode het hiermee 'n spesifieke stelsel met die naam "apartheid" afgewys, maar het vanselfsprekend nie elke vorm van differensiasie wat in 'n samelewing toegepas kan word, veroordeel nie.

● 'n Tweede vraag: het die Algemene Sinode inderdaad tydens sy sitting in Bloemfontein sy skuld bely, of het die NG Kerk se afgevaardigdes dit eers op Rustenburg gaan doen? Die antwoord staan in *Kerk en Samelewing 1990,* paragraaf 283: "... die NG Kerk het gefouteer deur toe te laat dat gedwonge afsonderlikheid en skeiding van volke in sy kring as Bybelse eis gesien is. Die NG Kerk moes hom al baie vroeër duidelik van die siening gedistansieer het, en erken en bely sy versuim."

● Vraag nommer drie: word hiermee 'n hovaardige oordeel oor ons kerklike voorgangers van die afgelope dekades uitgespreek? Beslis nie. Terwyl gesê word dat hulle in bepaalde opsigte foute gemaak het, verklaar *Kerk en Samelewing 1990* óók dat die NG Kerk deur die jare ernstig en volhardend gesoek het na die wil van die Here in sy Woord vir ons samelewing. Aan ons voorgangers se toegewyde soeke na God se wil, word nie getwyfel nie. Maar, soos ons vandag, het hulle ook in bepaalde opsigte foute gemaak.

● 'n Laaste vraag oor 'n saak wat hiermee verband hou: is dit aanvaarbaar dat kerkmanne buite-om die normale kerklike kanale vergaderings oor die Rustenburg-beraad hou met, onder andere, praktiserende politici as hoofsprekers? Ons glo van nee. Dit is die kerk se taak om self op 'n ordelike wyse die nodige inligting aan lidmate deur te gee. Die vergadering wat vir 1 Desember in Pretoria gereël word, en wyd en syd deur die niekerklike media bekend gemaak is, is dus na ons mening buite die goeie kerklike orde.